**Donderdag 1 September**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Eksodus 6:1-7**

## Ons ontmoet God in sy verbondstrou!

Konteks bepaal alles rondom jou omgaan met God.

God se volk, sy kinders, ly swaar onder ’n onregverdige regeerder. Dit beinvloed hulle totale lewe, persoonlik, gesinsopset, geloofsbeoefening. Moses en Aäron se goedbedoelde en Godgeïnspireerde intrede by die farao blyk net hulle situasie te vererger.

God se oplossing is om Homself op ’n besondere wyse aan hulle te openbaar – ’n Selfopenbaring. Vir Moses sê Hy: “Ek is die HERE!” Nog nooit het Hy Homself met hierdie Naam bekendgestel nie. “HERE” – troue Verbondsgod. Die almagtige God van die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob. Hy dink aan sy verbond, aan sy beloftes vir ’n duisend geslagte (Ps. 105).

So ontmoet God sy kind altyd midde-in jou persoonlike situasie met ’n selfopenbaring, dat Hy altyd onthou, alles onthou; onthou om te red selfs as kinders kla.

Hy kondig verlossing, uitkoms aan. Hy maak vry. Israel word vry van hulle onmiddelike verknegting van die Egiptenare. Hulle word verseker dat God hulle as sy volk aanneem. Meteen is hulle vry én gebonde.

Altyd die twee – Soos die Heilige Gees ons herinner dat Jesus ons Voorspraak is wat vir ons intree en ons vry is van verknegting aan sondes, mense en sisteme, maar terselfdertyd is ons ewig gebonde aan ons Saligmaker Jesus Christus soos ons Sondae bely: “Ek glo ...”

Daarom is dit ons voorreg deur die Heilige Gees om midde-in ons lewenskonteks die HERE, ons getroue Verbondsgod, as Vader aan te roep.

*Sing: Psalm 105:5*

*Dr. PK (Pieter) Lourens (Emeritus)*